

23 Maart

Skrifgedeelte: Numeri 23:27 – 24:14
Fokusgedeelte: Numeri 24:1

Dink anders, tree anders op en praat anders

Om teen God se wil in te werk, kan eenvoudig nie, of iemand dit nou erken of nie. En waar God besluit het, staan dit vas. Of die besluit van God nou vir iemand gemaklik is of nie, is dan nie tersake nie. Dit moes eers Bileam besef en so ook Balak. Dit is mos so dat Bileam eintlik gegaan het om op versoek van Balak die volk van die Here te vervloek.

Die gelese gedeelte skets reeds 'n derde seën wat Bileam oor die volk Israel uitspreek en dit dryf Balak tot raserny. En opvallend: Bileam gaan soek nie eers die Here iewers op soos met die vorige twee uitsprake van seën nie, maar het besef dat die Here die volk wil seën. Die Heilige Gees kom oor hom. *Let ook op: aan Balak bly Bileam uitwys: ek sal net sê wat die Here verwag.* Hy laat hom nie omkoop nie. Hy fokus heel eenvoudig op die seën van die Here wat oor die Godsvolk uitgespreek word. En waar die Here seën, word dit gesien en niemand kan die seën ongedaan maak nie.

Daarom is dit eintlik troosvol om te kan weet: *Daar kan nie teen God se wil ingewerk word nie.* Hy het sy Nuwe-Testamentiese volk geseën met die volledige verlossing deur sy Seun Jesus Christus en niemand kan dit ongedaan maak nie. Ja, Satan doen alles in sy vermoë om die seën om te draai of daaroor twyfel en verwarring te saai, maar niks kan ons van die seën en liefde van God skei nie.

Wat nou waar is: die seën van die Here plaas ons as gelowiges (sy volk) in 'n ander en unieke posisie in die wêreld. Ons moet daarom die geseënd-wees uitleef deur in alles lig te wees en as sout waarde toe te voeg in die wêreld. Dink anders, tree anders op en praat anders oor hoe die toekoms lyk, want God seën ons in en deur alles.

Sing: Psalm 128:4 (1936)

Ds. P Fanoy (Windhoek)